

19 Mei

Skrifgedeelte: Spreuke 10:1-7, 26-30

Fokusgedeelte: Spreuke 10:4

Vlytige hande

Daar is twee Hebraeuse woorde wat in hierdie stuk vir "hand" gebruik word. Die een is *kaf*, wat verwys na die "trae hand", die hand wat arm maak. Die ander is *jad*, wat gebruik word vir die "hand van die vlytiges", die hand wat ryk maak. Met *kaf* word bedoel 'n oop handpalm wat niks verrig nie – die lui aard se hand. Dit dui op nalatigheid en slapheid. Met *jad* word 'n hand geteken wat vir harde werk ingespan word, en dit kan selfs na 'n gebalde vuis verwys. Die fokusgedeelte sê nie dat alle gelowiges ryk sal wees en alle goddeloses arm nie, maar dit moet gesien word in die lig van vers 22, naamlik dat dit DIE HERE is wat gee. Ons moet verantwoordelik en hard werk, ooreenkomstig Christus se onderrig dat ons ons talente moet gebruik. God sal rekenskap eis. Ons verlossing moet lei tot dankbare lewens waarin ons hande reg staan in God se diens. Ons lewens moet 'n getuigenis wees dat ons trou aan sy wil is. Jou werk mag nie van onreg getuig soos dié van 'n dwaas wat nie wil leer nie. Sy luiheid is soos asyn vir die tande en rook vir die oë. Hy is irriterend en sy dade bring sy ondergang. Al lyk die Spreuke na 'n ingewikkelde mosaïek, is hierdie twee van die saambindende lyne wat deur die boek loop. Ons word geroep tot diensbaarheid en wysheid: "Ek bied U hart en hande in will'ge offerande."

Ds HT de Villiers (Pretoria)